
# GELOOF FAITH

## In Die Woord In The Word



**Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17**

**Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17**



**POSBUS 112, STANGER, 4450/ POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 2419**

**E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com**


# JESUS DIE BEVRYDER

Een algemene manier waar gelowiges Satan 'n wettige reg in hul lewens gee is om ander nie te vergewe nie. Jesus het ons geleer dat om deur God vergewe te word ons op dieselfde manier ander moet vergewe.

Hy het gesê: **Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie (Matt. 6:14-15).**

Ons is nie geregtig daarop om van God vergifnis te vra tot 'n groter maat as wat ons ander vergewe nie. As daar enige persoon is wie ons nie, op 'n ooreenstemmende maat, vergewe nie, word ons nie deur God vergewe nie.

Dit beteken dat die area van onvergifnis in ons eie lewens 'n area is waaroor Satan steeds 'n wettige reg het. Ons kan nie van hom ontslae raak voordat ons nie die vergewe wie vergewe moet word nie.

Bevryding is verantwoordelik vir die vergifnis van sondes. As al ons sondes vergewe is, dan het ons die volkome reg tot bevryding. Satan het geen wettige uitstaande reg teen ons nie. Indien daar egter enige area in ons lewens is waar sonde nog nie volkome mee gedeel is nie, het Satan steeds 'n wettige reg tot daardie area.

Ons kan al die predikers kry om oor ons te bid, maar ons sal nie van die duiwel ontslae raak nie, omdat hy weet dat hy 'n wettige reg het. Ons

(Vervolg op bls. 2)

*(Vervolg vanaf bls. 1)*

moet onthou dat die duiwel 'n wetlike deskundige is. Hy weet dit ook.
God se woord bied ons egter volkome vergifnis van sonde. Dit is noodsaaklik dat ons moet vashou aan die volkome vergifnis en om geen aanstoot onvergeef te laat nie.

**Sê Dit Weer!**

*Satan het geen plek in my, geen mag oor my, geen onopgeloste regte teen my nie. Alles is opgelos deur die bloed van Jesus!*

Ek kan baie goed onthou toe ek hierdie soort getuienis begin het. Ek het gedink, *ek wonder waar gaan die duiwel my volgende tref.* Ek weet van mense wat nie wil getuig nie, omdat hulle bang is van wat gaan gebeur as hulle dit doen, maar dit is net die duiwel se spel. Onthou dit is sy manier om jou weg te hou van te doen wat jou buite sy bereik plaas. Dit is slegs deur die woord van jou getuienis dat jy die voordele van die bloed sal kry.

Die eerste keer wat jy dit sê mag die hel losbreek. Wel, prys die Here! Sê dit weer.
Die Bybel sê: **"Laat ons die belydenis vashou" (Heb.4:14).**
Dan wanneer alles los gelaat word sê die Skrif: **"Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou" (Heb.10:23)** Hou aan om dit te sê. Dit hang nie af van ons gevoelens, ons omstandighede, ons simptome of ons situasies nie. Dit is vir ewig waar soos die Woord van God.

**"Vir ewig, o Here, staan u woord vas in die hemele" (Ps.119:89).** Satan het geen plek in ons, geen mag oor ons en geen onopgeloste reg teen ons nie.

**Jesus die Bevryder.**

Dieselfde Christus wie die enigste Verlosser is is ook die enigste Bevryder. Slegs Jesus kan die mag van demoniese binding in mense se lewens breek en hulle vry maak. Ek wil ons op dieselfde manier bekend stel aan die Bevryder.

Vir die van ons wat bevryding begeer, moet ons direkte, persoonlike kontak met Christus maak. Hier is vier eenvoudige voorwaardes wat ons nodig het.

Wees seker dat ons bely het. Dit is om te weet dat ons van enige vorm van sonde weggedraai het.
Kyk net na Jesus, want Hy alleen is die Bevryder.
Baseer ons versoeke alleenlik op wat Jesus deur Sy dood aan die kruis gedoen het, eerder as aan enige "goeie werke" van ons eie.
Maak seker dat deur 'n daad van ons wil, ons elke persoon, wat ons benadeel het, vergewe het.

**"Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word" (Joel 2:32).** Ek onthou hierdie woorde van Jesus: **In my Naam sal hulle duiwels uitdryf (Mark.16:17).** In die Naam

*(Vervolg op Bl. 3)*

van Jesus het ons ook die gesag om demone uit te dryf.

**Verstaan die Gevegsterrein.**

**Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoor-saamheid aan Christus.**
**(2 Kor.10:3-5).**

Ons geveg teen Satan word in die geestelike gebied gevoer; daarom is die wapens geestelik en geskik vir die gebied van die geveg.

Dit is van die uiterste belang dat ons verstaan waar die geveg plaasvind. Paulus gebruik verskillende woorde in 2 Kor. om van die gevegsgebied te praat en ons mikpunte. In verskillende vertalings vind ons die volgende woorde: "verbeeldings", "redenasies","spekulasies","argum ente," "kennis" en "gedagte".

Let daarop dat elkeen van hierdie woorde na die gebied van die denke verwys. Ons moet met sekerheid verstaan dat die gevegsgebied in ons denke is. Satan voer alles in die stryd om die menslike ras se denke gevange te neem. Hy bou vestings en forte in ons denke en dit is ons verantwoordelikheid, as God se verteenwoordigers, om ons geestelike wapens te gebruik om hierdie vestings af te breek; om die denke van mans en vroue vry te maak en hulle dan gevange te neem tot gehoorsaamheid aan Christus. Wat 'n geweldige opdrag is dit nie!

Satan bou doelbewus en sistematies vestings in mense se denke. Hierdie vestings weerstaan die waarheid van die evangelie en die Woord van God en voorkom dat ons die boodskap van die evangelie kan ontvang.

**Die Genadelose Kruis.**

Sommige mense het 'n stryd met vrees, depressie, eensaamheid, wellus of woede. 'n Raadgewer kan net tot 'n sekere mate help; maar die laaste toevlugsoord, die oplossing is in ons hande: die kruis. Ons moet die probleem in ons identifiseer, wanneer en waar dit begin het. In die bediening van bevryding is daar twee demone wat die hekwagters is. Hulle maak die deur oop vir die volgende demoon om in te kom. Hierdie hekwagters is selfbejammering en haatdraendheid(wrok).
Selfbejammering is 'n geweldige kragtige wapen van Satan en niemand kan dit bekostig om daaraan toe te gee nie.

Op 'n sekere punt moet ons genadeloos wees. Die kruis is volkome genadeloos – daar is niks

gemaklik, aantreklik of lekker daaroor nie. Ons dank God egter daarvoor, omdat dit die uitweg is; dit is God se voorsiening.

Meeste van ons het 'n "sonde wat besit neem" – 'n sonde waaraan ons so gewoond is dat ons dink dat dit deel van ons is. Dit is vir ons moeilik om dit te haat, omdat dit net so goed is as om onsself te haat. Interessant genoeg was my sonde dieselfde probleem as wat my vader voor my gehad het. Kinders erf baie van hulle ouers en sekere gedragspatrone was reeds daar voor ons geboorte. Ek sien sekere gewoontes in my wat direkte herproduksies van my vader se gedrag is.

Ons moet die Heilige Gees vra om die aard van ons probleme te identifiseer. Noem hulle op hul regte name (hulle sal waarskynlik nie mooi wees nie) – miskien wellus, lieg of trots. Dan moet ons sê: "In Jesus, is dit gekruisig. Ek het dit op die kruis geplaas. Ek sal nie dat dit my oorheers nie. Ek is vry daarvan deur die kruis."

**Hou Aan Om Dit Te Sê.**

Die eerste keer wat ons die verklaring maak, sal Satan vir ons lag. Ons moet egter aanhou om dit te sê. Satan is die versoeker, maar hy is baie sistematies en verspil geen tyd nie. Hy sal jou versoek so lank as wat hy 'n reaksie van jou kry. Wanneer daar geen reaksie meer is nie, sal hy jou nie langer versoek nie.

Ons kan dus bv. versoek word in die area van haatdraendheid. Ons moet net aanhou sê: "Dit is gekruisig. Dit het geen mag in my nie. Dit het geen plek in my nie." Die duiwel sê: "Dit is nie regtig waar nie. Dit is net iets wat iemand gesê het."

Ons moet dit egter net aanhou sê. Na 'n tyd sal dit so 'n werklikheid word dat die duiwel nie meer sy tyd sal mors om ons te versoek nie.

Een van die dinge wat ons moet doen is om die mure van ons karakter te bou. Die Bybel sê dat die persoon wat geen beheer oor sy eie gees het nie, soos 'n stad is wat afgebreek en sonder mure is.
(Spr. 25:28).

In ons kulture vandag groei baie mense op soos afgebreekte mure as gevolg van swak huise, dwelms of bose invloede. Enigeen wat gedurig dwelms gebruik is beslis 'n stad sonder beskermende mure. Ons bou die mure deur ons wil te versterk en regte te handhaaf wat deur die kruis gekoop is.

Ons mag aan die proses dink as 'n vreeslike ondervinding. Ons besef egter nie hoe goed dit ons doen nie; aan die einde daarvan het ons sterk karakter gebou.

Gawes is tydelik, slegs vir hierdie lewe, karakter is permanent – dit gaan saam met ons tot in ewigheid. God stel oneindig meer belang in ons karakter as in ons gawes.

# UIT ONS KANTOOR

Daar is altyd 'n wonderlike gevoel van opgewondenheid wanneer ons die Nuwe Jaar binnegaan, en met hierdie jaar van 2022, is daar geen uitsondering nie! Een van die hoofredes hiervoor is omdat met elke Nuwe Jaar die wederkoms van ons Here Jesus Christus nader is, en word ons met hernude begeerte gevul om voorbereid te wees vir die ontsagwekkende dag en om met meer ywer in Sy wingerd te werk, om die eindtyd oes van kosbare siele vir Sy Koninkryk in te bring.

Kort gelede het ons die geweldige las ondervind vir die verlorenes – die wat nog nie 'n besluit geneem het om Jesus Christus as hul persoonlike Verlosser te ontvang nie, en vir daardie wat nog nie die Evangelie van Christus gehoor het sodat hulle van die ewige verdoemenis gered kan word nie. Ons het opnuut 'n visie om uit te reik na die ongeredde siele, selfs met meer ywer as ooit hierdie jaar, aangesien daar 'n nuwe gevoel van dringendheid is! Ons spoor elkeen van ons aan om opnuut na diegene om ons te kyk wie ons elke dag sien en hulle wie se lewens op een of ander manier met ons s'n verbind is en as enigeen van hulle nie gered is nie, begin om vir hulle te bid en die Here te vra vir 'n kans om die liefde van Jesus aan hulle te getuig. Die Bybel sê " Hoe sal hulle weet as niemand hulle vertel nie?"
Ons lees in **Rom. 10: 13-14**: **Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?** Elkeen van ons is gered deur iemand wat ons van Jesus die Verlosser van ons siel vertel het.

Om 'n siel vir Jesus te wen is die heel beste ding wat jy in 2022 kan doen! Om teenoor die wat Jesus nie ken nie te getuig is glad nie moeilik nie, neem net die inisiatief en vertel hulle van Jesus en laat dan die resultate aan God die Heilige Gees oor! **Jy** kan niemand red nie dit is die werk van die Heilige Gees, maar Vader God in Sy wysheid het boodskappers (ek en jy) nodig om die wonderlike boodskap van redding deur Jesus te verkondig, jy moet dus die inisiatief neem en aan hulle die Goeie Nuus vertel! Laat ons hierdie jaar saamwerk en 'n geweldige oes inbring met God die Heilige Gees wat saam met ons werk, ons lei, rig en in staat stel! Dit is die heel beste manier om die tyd wat nog aan ons hier op aarde gegee is te spandeer, en beslis die beste projek wat daar is vir 2022. Laat dit dus ons prioriteit wees omdat ons Hemelse Vader deur Sy groot genade aan ons die voorreg en die ekstra tyd gegee het om siele vir Sy Koninkryk te wen en hulle volgelinge van Jesus te maak voor Sy wederkoms! Ons behoort soos die gelowige Jode te wees wat na die koms van die Messias uitkyk, hulle sê elke dag "Hy kom more" – en eendag sal hulle reg wees! Op hierdie manier leef hulle in verwagting en is voortdurend voorbereid vir Sy koms! Ons behoort elke dag met dieselfde verwagting te leef!

Ons dank ons Hemelse Vader vir al Sy goedheid gedurende die afgelope twaalf maande. Ons dank Hom vir die seën van gesondheid, vir die beskerming van ons geliefdes en vir Sy voorsiening, en ons bid dat Hy sal aanhou om aan ons selfs meer van Sy kosbaarhede uit Sy Wonderlike Woord sal openbaar sodat die Waarheid van Sy Woord ons kan versterk en oorwinning gee oor al die aanvalle van Satan wat ons die afgelope jaar ondervind het, om ons geloof in die Here Jesus te probeer ontwrig.

Ons bid hierdie jaar vir ons pragtige land en vir sy leiers en vra die Here om aan hulle wysheid en leiding te gee in die besluite wat hulle moet neem, en dat hulle Hom sal leer ken op 'n werklike en lewende manier. Ons bid hierdie jaar meer as ooit vir die Land Israel, soos God ons beveel het, ook vir die volk en vir die vrede van Jerusalem. Hy sê dat hulle wat Israel seën, geseën sal word! Mag Israel, God se Beloofde Land, die appel van Sy oog, Sy beskerming, wysheid en oorvloed op elke gebied ervaar. Ons bid vir die Liggaam van Christus, die Kerk van ons Here Jesus Christus in die land en wêreldwyd, en vra ons Hemelse Vader om haar te beskerm en te bewaar volgens Sy beloftes in Sy Woord, en daagliks duisende toe te voeg tot Sy liggaam.

Weereens wil ons julle bedank vir wat julle vir ons beteken het gedurende die afgelope jaar! Ons dank julle vir jul wonderlike ondersteuning deur julle liefde, julle briewe, telefoonoproepe, getuienisse, gebedes en finansies, alles wat ons in staat gestel het om **elke dag** van die jaar die Goeie Nuus van Jesus te kon versprei! Dankie vir die omhoog hou van ons arms! Ek wens julle kon weet en sien van die verstommende hoeveelheid literatuur wat vanuit die Sentrum uitgaan na die " wie ook al wil" op 'n gereelde en voortgaande basis, dit sal julle heeltemal uit julle sokkies seën, netsoos dit elke dag vir ons doen en ons het die wonderlike briewe van dankbaarheid en getuienisse van veranderde lewens om dit te bewys. Ja, God se Woord is lewend, dit is Gees en dit bring lewe en doen waarvoor dit gestuur is! Altyd! Ons is so geseënd om deel te wees van wat Hy doen!

Mag die Here julle 'n wonderlike tyd van rus, vrede en vreugde gee gedurende hierdie vakansietyd en julle op die paaie bewaar. Julle is in ons gebede.

Mag Hy julle ryklik op elke moontlike manier seën in die belangrike jaar van 2022 wat voor julle lê, en onthou dat Hy weet wat julle nodig het nog lank voordat julle Hom selfs vra, en Hy is by magte om elke behoefte van julle te vervul volgens Sy groot rykdom deur Sy Seun Christus Jesus ons Verlosser en Here.

Baie liefde van ons almal by die Sentrum, in daardie wonderlike naam van ons Here Jesus.

*Meg en die Gebedspan*

# DEALING WITH THE PAST

Pleasant memories are some of man's most precious possessions and remembering them brings about such joy and peace. However memories of unpleasant things, the black patches in your past, can create such unhappiness in your life that it begins to affect you at every level; however once again Jesus Christ is our Light, our Healer, our Restorer, our Counsellor.

We read in Is. 61:1-3. **"The Spirit of the Lord God is upon me; because the Lord hath anointed me to preach good tidings unto the meek; he hath sent me to bind up the broken-hearted, to proclaim liberty to the captives, and the opening of the prison to them that are bound. To proclaim the acceptable year of the Lord, and the day of vengeance of our God; to comfort all that mourn; to appoint unto them that mourn in Zion, to give unto them beauty for ashes, the oil of joy for mourning, the garment of praise for the spirit of heaviness; that they might be called trees of righteousness, the planting of the Lord, that He might be glorified."**

We need to reach out to our Heavenly Father in prayer asking Him in the name of Jesus our Saviour and Healer to touch and restore us. Find a quiet secluded place where you can speak to your Heavenly Father without fear of any interruption. Seek His face with honesty and in humility with praise and thanksgiving, and begin by confessing your sins and asking Him for His forgiveness. It is important that you have the assurance in your heart that Jesus is Lord of your life. If you have not accepted Jesus as your Saviour, this is the time to take this essential step. Use your authority as a believer, given to you as a disciple of Jesus in the Great Commission according to Mark 16:15. In the Name of Jesus take authority over every evil power that Satan has sent against you. Ask the Father to reveal or expose them to you through His Holy Spirit. Ask Him to fill those voids with His Holy Spirit, His love, joy and peace. The following prayer is a guide line as to how you should pray when dealing with your past and releasing all the hurtful memories to the Lord.

Father, I thank you for your Son Jesus who died on the cross not only for my sins but also for every one of my hurts and fears. I thank you that Jesus is the same yesterday, today and for eternity and that He desires me to be completely whole, mind, soul, body and spirit.

Father, I thank you for your desire and ability to heal every area of my life, including my past, and for the knowledge that you will restore me completely in Jesus' wonderful Name. I break with every bondage and curse in my bloodline from the third and fourth generation, in the Name of Jesus, and ask that You make me free.

Father your Word tells me that you knew me before I was born. Thank you for the assurance that you were there when I was formed in my mother's womb and I ask you to remove and set me free from any evil influence that tried, even from birth, to affect my life. Thank you for being there when I was born and that you have loved me always. I need know no rejection ever, because you were there with me. Lord all the times in my life when I went through difficulties – (name them here, eg. parents' divorce, rejection, separation, death of a loved one, betrayal etc.) fill me with Your love, forgiveness and strength. Remove all hurts of rejection, every fear, all traumatic experiences and shame. During

times of feelings of failure, inferiority, inadequacy, loss, lack of ability, of letting people down and not measuring up to their standards. Lord please set me free of all these things in my past and give me the ability to let go of them. I praise and thank you for making me free.

Father, I thank you for my father and mother. Please cause your Divine love to flow between us and heal all misunderstandings and restore the breakdown of relationships. (some folk have grown up in homes devoid of love and trust) Grant that forgiveness takes place, and new bonds of love are formed.

Father, I bring my brothers and sisters before Your throne of Grace. Where there have been feelings of competition or jealousy, allow Your healing to blot out and restore and bring about a new love and understanding between us whereby we can encourage and support one another.
Thank you Lord for your love which carried me through my teens. All the fears and emotions I experienced, the protection you provided me at times when I acted irresponsibly. During times of embarrassment and feeling shy, for whatever the reason, your love was ever present. Thank you for your protection during the times of being exposed to the sins of alcohol, drugs and sex. You put a guard around me. Please loose me from all these things in my past, as I confess them to You in prayer, and cleanse me by Your Holy Spirit through the precious Blood of Jesus. Free me from all that has influenced my life through deeds in my past. THANK YOU FOR THE BLOOD OF JESUS THAT CLEANSES ME AS WHITE AS SNOW.

Thank you for being with me in my marriage. Heal all hurts that have occurred during this time, every bruise and hurt, every unkind word spoken in the heat of the moment. Please allow Your Divine love to flow between us once again, and give us the desire and ability to forgive one another and begin afresh with a relationship covered by Your love. (There are people who have lived through the heartbreak of divorce, bitterness and loneliness). Lord, touch and heal me now and give me a new insight into my spouse's heart and life. Thank you Father for my children. Please remove all my feelings of failure or guilt as a parent. When I was unwise in handing out punishment or too mean in demonstrating my love. When words of criticism and anger were spoken and I neglected to encourage and comfort them. Father please heal all pain that resulted from my actions. I ask their forgiveness and I forgive them unconditionally for any hurt they have caused me.

Father, I thank you for being with me during times of sickness, unhappiness and grief. I give all those times past to you and ask you to touch and heal me of all heartache, grief and trauma. Thank you for new peace and joy.

Thank you Lord for the work you have done in my life, thank you for healing me, for setting me free and filling me with Your love. Please help me to accept myself and to love others as You have loved me, and above all to love You with all my heart and soul and strength. Thank You for cleansing me body, soul and spirit and for renewing me. Thank You for making me whole, I give You all the praise and glory in Jesus Name, Amen.

**How to keep your healing**

1. Pray continuously and thank the Lord for the complete work of deliverance He has done in your life, and that He will continue to protect and guide you. Ps. 138:8 promises that: The Lord will perfect that which concerneth me.
2. Read your Bible regularly as it is your Spiritual food and you cannot grow without it.
3. Praise the Lord IN all situations — regardless!
4. Learn to speak God's Word in your situations, His promises, His directions. Remember that the words of your mouth are an

indication of what is in your heart! Watch those words because there is life or death in the tongue. Mark 11:23: For verily I say unto you, That who so ever shall say unto this mountain, Be thou removed, and be thou cast into the sea; and shall not doubt in his heart, but shall believe that those things which he saith shall come to pass; HE SHALL HAVE WHATSOEVER HE SAITH.

5. Begin each new day with the Lord and put on the whole armour of God as He gives it to us in Eph. 6:10-18.

6. Dedicate your home to the Lord. Jesus should feel at home in every room of your house.

7. Submit yourself therefore to God. Resist the devil, and he will flee from you. Speak God's Word in adverse times when the devil attacks and you are going through a battle.

8. Fellowship with believing Spirit filled children of God on a regular basis.

9. Pray with a prayer partner and pray often.

10. Forgive everyone who has hurt you and seek reconciliation as the Lord leads you by His Spirit.

You may find that holding on to your healing is an uphill battle, but you have the upper hand and it is, and must be, your choice to continue walking in the light of God's Word and to hold fast to that which you now have! God will enable you to do this when you choose His ways. When there are set backs, disappointments and failures, know that these will come, but it is how we handle them that determines our victory over them. Our Heavenly Father who loves us wants us to exercise our faith in Him and His Word, by believing Him and acting upon His Word in times of trials. This builds our faith and strengthens and perfects us. James 1:2 -4 tells us that: **My brethren, count it all joy when ye fall into divers temptations (trials or tests); Knowing this, that the trying of your faith worketh patience. But let patience have her perfect work, that ye may be perfect and entire, wanting nothing.**

The Word tells us that no matter what the circumstances may be, we can do all things through Jesus Christ who strengthens us. Phil. 4:13 says: **I can do all things through Christ which strengtheneth me.**

We need to rest in Him, give it all to Him, be obedient to Him, rely upon Him and trust Him. When the "seas of life" get rough and the wind is strong, and there is thunder and lightening, we need to remember that Jesus is in the "boat" with us! He is able to quiet the waves and still the storm. He is the same yesterday, today and forever. Hebrews 13:8 tells us that: **Jesus Christ is the same yesterday, and today, and forever.**

Our Heavenly Father has sent us His Holy Spirit to comfort us, direct us and strengthen us, we are never alone and our Father is in full control!

Jesus said in John 14:27: **Peace I leave you, my peace I give unto you: not as the world giveth, give I unto you. Let not your heart be troubled, neither let it be afraid**.

# Skatkis

**En toe dit aand was op daardie eerste dag van die week en die deure waar die dissipels vergader het uit vrees vir die Jode, gesluit was, het Jesus gekom en in hul midde gestaan en aan hulle gesê: Vrede vir julle! (Joh. 20:19)**

In Sy teenwoordigheid is volkome blydskap en vrees en angs word oorgeneem deur Sy vrede. Soos ons 'n nuwe jaar binne gaan, mag ons Sy stilte soek en Hom elke dag in daardie plek ontmoet. Soos ons ons harte en denke laat stil word en ons oë vestig op die Een wat ons kamer binne kom en Sy hande na ons toe uitstrek, mag ons die vertroostende woorde hoor: *Vrede vir julle!* Hulle is balsem vir die siel, olie vir die wonde en 'n skild vir elke storm. Hy het vir ons in **Joh. 14:27** gesê: **Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie.**

Mag God julle met meer van Homself seën en met elke goeie en volmaakte gawe in die komende jaar!